PREEK: onderdanigheid in die gesin

Garsfonteinpark, 11 September 2005

Gen 4: 1-16

Efes 5:21

Jessica was die dogtertjie van sewe, wie se pa die idee gekry het om sy dogtertjie vlieglesse te laat neem en haar dan in die Guinness Book of Records te kry as die jongste kind om oor die breedte van die Amerikaanse kontinent te vlieg. Op 17 April 1996 het hulle van Californië, aan die Amerikaanse weskus vertrek. Saam met haar aan boord was haar pa en die vlieginstrukteur. Daardie aand het sy stamperig geland op 'n plek met die naam Cheyenne. Die volgende oggend was die weer baie sleg, maar met 'n rekord vat wink, het die volwassenes die kind laat opstyg. Die Cessna het onmiddellik geweldig begin vibreer en dit het een-en-'n-ha1we kilometer verder neergestort. Al drie insittendes was opslag dood. Sommige se verklaring was dat die vliegtuig te swaar gelaai was. .

Hy was te swaar gelaai. Gelaai met ambisie en prestasiedrang. Soos so baie van ons gesinsvliegtuie deesdae. Dit is nie vreemd om te hoor van 'n Pa of ma wat 'n kind afrig vir groot dinge nie. Baie keer onvervulde ideale van die ouer self. Die kind moet die rekordboeke haal waar die ouer dit self nie kon doen nie. En dit is nie asof dit onder dwang geskied nie. Dit is selde dat ouers slawedrywers is. Die ideaal neem mettertyd so tussen ons vorm aan: Jessica moet nog eendag die jongste loots wees; Jessica moet nog eendag die jongste kind wees wat oor Amerika vlieg. Die kinders kry van kleins af die boodskap dat ons gesin buitengewoon is, dat ons eintlik ver bo ander gesinne uitstyg. Ons is eintlik mense wat vir groot dinge in die wieg gelê is. Die heersende diskoers van die gesin word maklik een waar mislukking nie geduld word nie en waar prestasie tot elke prys nagejaag moet word. Dus, sonder dat ons dit altyd besef, laai ons ons gesinsvliegtuigie al swaarder en swaarder met verwagtinge en ideale. Die rekordboeke wink en die druk word al meer.

Sommer op die eerste paar bladsye van die Bybel kry ons al so 'n gesin. In Genesis 4 lees ons van Adam en Eva wat twee seuns gehad het. Die eerste een noem Eva Kain. Dit beteken "Ek het 'n man verkry!". Dan word nog enetjie gebore, oor wie sy glad nie so opgewonde is nie. Sy naam word gegee: Abel. Dit beteken "Asempie". En met hierdie script word hulle grootgemaak. Kain is vir groot dinge

in die wieg gelê. En Abel? Wel…So word Kain die landbouer en Abel die veeboer. 'n Landbouer is die superieure een teenoor die nomadiese veeboer. Uiteindelik kom die dag dat Kain so groot en sterk in sy eie oë is dat hy nog net God se sanksie daarvoor moet kry dat hy beter as Abel is. En daar werk dit nie. God het mos altyd ander idees. En toe is Kain so kwaad dat hy sy broer gaan doodmaak. Dit is die sondeval. Gen 4 is eintlik net 'n ander beskrywing van Gen 3. Waar Gen 3 die sondeval beskryf as dinge wat verkeerd loop tussen mense en God, beskryf Gen 4 dit as dinge wat verkeerd loop tussen gesinslede. Gelukkig word ons weer op ander plekke in die Bybel vertel van hoe hierdie dinge weer kan verander. Een so 'n plek is in Efes. 5

In Efes 5 skryf Paulus 'n hele gedeelte oor die gesin en al die verhoudinge in die gesin. En hy begin die gedeelte deur daaraan 'n opskrif te gee:

Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. (Efes 5:21).

Let wel: Aan mekaar. Nie kinders aan ouers en vrouens aan mans nie. Aan mekaar. Onderdanigheid is nêrens maklik nie. Nie by die werk nie, nie op die pad nie, nie op die sportveld nie, nie as jy iewers moet tou staan nie; nêrens nie. Maar die heel moeilikste plek daarvoor is binne-in 'n gesin. Mens sou dink dit moet andersom wees. 'n Gesin is tog mense wat mekaar liefhet en vertrou en omgee vir mekaar. Dit is so, maar ons weet ook dat die gesin die ruimte word waar ons soms ten alle koste onsself wil handhaaf. Daar moet ek bo wees ten alle koste. Pa's , ma's en kinders kom gefrustreerd van die buitewêreld waar daar dikwels op ons getrap word en binne die sagter omgewing van die gesin kom gooi ons dan ons gewig rond. Dan wil ons bedien word en gerespekteer word. Daar maak ons aanspraak op regte wat ons nêrens het nie. Daar is ek geregtig, so voel ek, op bietjie bederf en gemaksug.

Dit is merkwaardig hoedat gesinne soms twee fasades het. Die een wat na buite geprojekteer word, en die ander een soos die gesinslede dit self beleef. Die een 'n fasade van geluk en normaliteit, die ander soms 'n agter-die-skerms-realiteit van onredelikheid en misbruik; die een wat kwalifiseer vir 'n glanstydskrif -'n gesin wat saam kamp, vreedsaam en stylvol saam eet, op vakansies gaan, lekker saam speel en mekaar onthou op verjaarsdae met persentjies -die ander, die pynlike werklikheid van 'n afwesige pa, alkohol en middernagte-like geweld. Kortom: baie keer is dit wat so vriendelik en harmo-nieus op die oppervlakte lyk, 'n geweldige magstryd tussen gesinslede in die geheimsinnigheid van die huis. Kinders wat moedeloos raak as gevolg

van outoritere ouers, en ouers wat voel om te rebelleer teen magshonger kinders. En dan is daar nog mans en vrouens wat die huweliks- en gesinsruimte gebruik vir 'n voortdurende geveg om die meeste mag Daar is die storie van die wyse man wat een nag laat om die kampvuur met sy groepie leerlinge gesit het. Dit was naderhand al vroeg oggend. Op die donkerste uur, net voor dagbreek.

Hoe sal julle weet wannner die nag verby is en die nuwe dag begin? Vra hy. Een van die jonges probeer en sê: Wanneer jy kan uitmaak of die dier wat daar anderkant staan 'n skaap of 'n skaaphond is, dan weet jy die dag begin breek. 'n Goeie antwoord, maar nie die regte een nie. Nog een probeer: 'n Mens weet dat die dag breek as daar genoeg lig is dat jy kan sien of die boom daar ander kant 'n palmboom of 'n sipres is. Dit is ook 'n slim antwoord, maar nie die regte nie. Uiteindelik vra hulle die wyse man om vir hulle sê hoe hy dit sien. Met sagte oë kyk die man na die jongmense om hom en sê: As mens in die oë van 'n medemens kyk en in hom 'n broer of 'n suster raaksien, dan weet jy die nuwe dag het begin.

Hoe verskriklik tragies dat 'n gesin die plek word van uitbuiting en kompetisie, in plaas daarvan dat ons mekaar in die oë kyk.

Die gesin is die mees intieme sisteem waar mense die naaste aan mekaar woon. En tog gebeur dit die heeltyd dat juis daar ons nie bewus is van mekaar se diepste behoeftes nie. Ons sien mekaar net as objekte wat beveg moet word. Die enigste manier hoe die gesin werklik die gelukkige ruimte kan wees wat dit bedoel was om te wees, is wanneer ons weer en weer leer wat die Bybel van ons vra: Onderdanigheid. Om die minste te wees en te werk vir die ander se beswil en voordeel. Om in mekaar se oë te kyk in in mekaar nie 'n oponent nie, maar 'n broer en suster te herken. Dan breek die dag!

Waarom sal ons dit doen? Uit eerbied vir Christus!

As ons dan beweer dat ons gelowige mense is, moet dit blyk in hoe ons die behandel wat miskien die minste verweer teen ons het.

Liedere

Lied 500

Lied 543

Lied 530